## BERGRIVIER MUNISIPALITEIT BEMAGTIG PLAASLIKE ENTREPRENEURS

**BERGRIVIER** Munisipaliteit se Voorsieningskanaalbestuur Departement het op 28 en 29 Januarie 2019 werkswinkels in onderskeidelik Piketberg en Velddrif gehou om opkomende mikro-ondernemings te bemagtig om besigheid met die munisipaliteit te doen.

Meer as 40 plaaslike entrepreneurs het die werkswinkels bygewoon.

Dit is na aanleiding van die stigting van SMME forums in die Bergrivier Munisipale Gebied deur Bergrivier Munisipaliteit se Departement van Strategiese Dienste. SMME forums is reeds gestig in Piketberg, Porterville, Redelinghuys en Velddrif en die doel is om klein besighede te bemagtig en te verseker dat die ekonomie van die Bergrivier Munisipale Gebied groei deurdat klein besighede gelyke toegang het tot geleenthede.

Bergrivier Munisipaliteit het vir hierdie doeleindes 'n ooreenkoms met die *West Coast Business Development Centre* om te fokus op die bemagtiging van klein besighede in Bergrivier en te verseker dat hulle voldoen aan alle wetlike vereistes.

Nelmarie Bothma, Bestuurder: Uitgawes en Voorsieningskanaalbestuur, sê die hoofdoel van die werkswinkels is om plaaslike besighede te help om nie net besigheid te doen met die munisipaliteit nie, maar ook om 'n beter begrip te hê van die volledige proses.

"Tenders is oop vir die publiek en dus moedig ons alle plaaslike entrepreneurs aan om proaktief te wees en inisiatief te neem om aansoek te doen by die munisipaliteit vir verdere besigheid.

"Ons wil graag hê dat meer plaaslike besighede registreer op die Sentrale Verskaffer Databasis (SVD) wat bedryf word deur Nasionale Tesourie. Dit it uiters belangrik, aangesien dit die eerste stap is om besigheid te doen met die munisipaliteit," het Bothma afgesluit.



## ANTI-FRAUD & CORRUPTION

Members of the public are encouraged to report any fraud and/or corruption allegations to either the Executive Mayor, Alderman Ray van Rooy, on 083 657 9615, the Municipal Manager, Adv. Hanlie Linde on 022 913 6011 or the Internal Auditor, Jurene Erasmus at 022 913 6002 or via e-mail: frankj@bergmun.org.za.

## R4.8M VIR OPGRADERING VAN SPORTFASILITEITE

'n **BEDRAG** van R4 817 000 word gespandeer aan die opgradering van die netbal/tennis kombinasiebane, om die gemeenskappe in die Bergrivier Munisipale Gebied 'n voordeel te gee van beter geriewe vir spesifieke sportkodes.

Die doel van die projek is ook om die toestand van ons sportsfasiliteite te verbeter, volgens die standaarde van Sport Suid-Afrika.

Verskeie dorpe in die Bergrivier Munisipale Gebied soos Porterville (Pella Park), Eendekuil Sportgronde en Velddrif (Smit Park) se verouderde netbal/tennisbane is opgegradeer na nuwe en stylvolle sosiale sportgeriewe.

Die opgraderings sluit in: 'n nuwe baan en toeskouer omheining te Pella Park (Porterville); 'n nuwe baan te Eendekuil Sportgronde; en 'n nuwe baan en kleedkamers te Smit Park (Velddrif).

Die projek is in April 2019 voltooi. Ons moedig alle inwoners aan om eienaarskap te neem van die nuwe fasiliteite en dit mooi op te pas.

## VERKLARING VAN VOORNEME

**OP** 2 April 2019 het 'n afvaardiging van Bergrivier Munisipaliteit 'n verdere verklaring van voorneme onderteken om die Stedeband tussen Bergrivier Munisipaliteit en Heist-op-den-Berg Munisipaliteit in België verder te versterk vir die toekoms.






Die afvaardiging is gelei deur Raadsheer (Rdh.) Ray van Rooy, Uitvoerende Burgemeester van Bergrivier Munisipaliteit, bygestaan deur Uitvoerende Komiteelid Raadslid Mario Wessels en Adv. Hanlie Linde (Munisipale Bestuurder).

Van Rooy het Heist se raadsvergadering toegespreek en hul bedank vir die afgelope vyf jaar se positiewe samewerking tot voordeel van al ons gemeenskappe.

Die verklaring is in Nederlands en Afrikaans. Van Rooy het die Afrikaans voorgelees waarna alle partye dit onderteken het. "Dit is nie net om ons Stedeband te herbevestig nie, maar ook om te sê ons kyk saam in die toekoms in en dat ons die temas waarop ons saamwerk, elke vyf jaar, gaan heroorweeg," het van Rooy bevestig.



Wessels het ook namens Bergrivier Munisipaliteit 'n tjek van ongeveer R50 000 ontvang van Schepen Kelly van Tendeloo van Heist-op-den-Berg om te spandeer op bewusmaking van watergebruik. Saam kyk ons vorentoe!

# BERGRIVIER BULLETIN

**Official newsletter of Bergrivier Municipality**



**WE SERVE WITH PRIDE** **MAY/ JUNE 2019**

## BERGRIVIER 8ste BESTE MUNISIPALITEIT IN SA!

**BERGRIVIER** Munisipaliteit is aangewys as die 8ste beste munisipaliteit in Suid-Afrika!

Dit is 'n drie-jaarlikse studie wat gedoen word deur *Good Governance Africa (GGA)*, 'n onafhanklike maatskappy wat organisasies oor die wêreld bestudeer en analiseer.




Volgens GGA is 12 van die top 20 munisipaliteite in die Wes-Kaap.

Raadsheer Ray van Rooy, Uitvoerende Burgemeester van Bergrivier Munisipaliteit sê "baie geluk aan elke Raadslid, elke amptenaar en al ons gemeenskappe. Dit kos baie harde werk deur almal betrokke. Wel gedaan!" Dit plaas Bergrivier Munisipaliteit in die boonste 3% van die beste munisipaliteite in Suid-Afrika!

**TOP 20**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | Mossel Bay | WC | DA |
| 2 | Senqu | EC | ANC |
| 3 | Swartland | WC | DA |
| 4 | Sol Plaatje | NC | ANC |
| 5 | Greater Kokstad | KZN | IFP |
| 6 | Midvaal | GP | DA |
| 7 | Khai-Ma Local | NC | ANC |
| 8 | Bergrivier | WC | DA |
| 9 | Cape Agulhas | WC | DA |
| 10 | Prince Albert | WC | DA/KGP |
| 11 | Swellendam | WC | DA |
| 12 | Cederberg | WC | DA |
| 13 | Matzikama | WC | DA |
| 14 | Overstrand | WC | DA/ COPE |
| 15 | Witzenberg | WC | DA |
| 16 | Koukamma | EC | DA |
| 17 | Hantam | NC | DA/FF+ |
| 18 | Nama Khoi | NC | ANC/ KSR |
| 19 | Hessequa | WC | DA |
| 20 | Langeberg | WC | DA |



**SKOON OUDIT:** Bergrivier Munisipaliteit het tydens die Ouditeur-Generaal se Skoon Oudit Toekenningseremonie wat op Dinsdag 2 April 2019 by Century City in Kaapstad gehou is, vir die derde agtereenvolgende jaar 'n skoon oudit ontvang vir die 2017/2018 finansiële jaar. Op die foto verskyn (van links) Mnr. Kimi Makwetu (Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika), Mnr. Marius Wüst (Bergrivier Munisipaliteit: Direkteur Finansiële Dienste), Mev. Jurene Erasmus (Bergrivier Munisipaliteit: Interne Ouditeur), Rdd. Sandra Crafford (Bergrivier Munisipaliteit: Uitvoerende Onderburgemeester) en Mev. Helen Zille (Premier van die Wes-Kaap). Bergrivier, ons dien met trots!



## SPECIAL AND EARLY DEVELOPMENT DISABILITY GAMES IN PIKETBERG

**SALGA** in partnership with Bergrivier Municipality and West Coast District Municipality, recently held their Special and Early Development Disability Games Day at the Tollie Adams Oval cricket grounds in Piketberg.

This special event was attended by 200 guests.




The event kicked off with a fun-walk from the LB Wernich Library to the Tollie Adams Oval cricket grounds. The purpose of the fun-walk was to create awareness amongst the community about people living with disabilities and to show solidarity with their plight. Also, it signified the importance of leading an active lifestyle.



"We want to move away from the 'one day' (Annual Disability Day in December) dedicated to persons living with disabilities. We would like more events and programmes, throughout the year, which focus on the needs of people living with disabilities," said Retha Sewe, Head: Sport Development at Bergrivier Municipality.



Sport can help reduce the stigma and discrimination associated with people living with disabilities. It also has the ability to transform the attitudes of communities by highlighting the skills of people living with disabilities, and reducing the tendency to see the disability instead of the person.

Some of the challenges that people living with disabilities still face include:

- Access to elderly day-care centres
- Lack of transport for the disabled
- Disabled-friendly buildings and recreational facilities

At the event, the festivities was officiated by Executive Member Councillor Adam du Plooy.

## KONSEPBEGROTING VIR 2019-2020 GOEDGEKEUR DEUR DIE RAAD

**BERGRIVIER** Munisipaliteit se konsepbegroting vir die 2019-2020 finansiële jaar, wat R423, 782 miljoen beloop, is op 26 Maart 2019 goedgekeur by 'n Raadsvergadering te Piketberg.

Dié begroting is gemik op doeltreffende dienslewering en die verbetering van die lewensgehalte vir alle mense binne die Bergrivier Munisipale Gebied. Die begroting is ook in lyn met die behoeftes van die gemeenskappe wat ons dien, soos vervat in die goedgekeurde Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (2017-2022).

**Die goedgekeurde begroting bestaan uit die volgende:**

- Kapitaalbegroting van R47, 178 miljoen; en
- Bedryfsbegroting van R376, 604 miljoen.

Die munisipaliteit se totale inkomste en bedryfsuitgawe kategorieë weerspieël die volgende jaarlikse begroting waardeverhogings (beraamde 2019-2020 versus aangesuiwerde 2018-2019 begroting).

**Tariefverhogings vanaf 1 Julie 2019:**

- Alle tariewe en heffings vermeerder met 6% behalwe elektrisiteit wat met ongeveer 13,87% sal vermeerder, onderworpe aan Nersa se finale goedkeuring.

Nersa het 'n verhoging in elektrisiteit van 15,63% goedgekeur betaalbaar deur die munisipaliteit aan Eskom.

Aansoek om deernissubsidies kan gedoen word by enige munisipale kantoor in Bergrivier. Die totale huishoudelike inkomste van alle lede van die huishouding wat op die perseel woonagtig is, moet R4 760 per maand (twee staatsouderdompensioene plus 40%) of minder wees of die hoof van die huishouding in wie se naam die rekening geregistreer is, moet 'n staatsouderdompensioen of ongeskiktheids-toelae ontvang. Ander vereistes is beskikbaar by die deernisbeampte op elke dorp.

Die volledige konsep GOP, begrotingsdokument en besonderhede van die vasgestelde tariewe is beskikbaar op die munisipale webwerf (www.bergmun.org.za), by alle openbare biblioteke en munisipale kantore in die munisipale gebied.

## *WENDY* STRUKTUUR AANSOEK PROSES

**BERGRIVIER** Munisipaliteit het 'n formele proses in plek waardeur inwoners wat 'n *wendy* struktuur wil oprig die volgende stappe moet volg:

**Enige *wendy* struktuur kleiner as 18m² ('n 6X3m):**

- Geen bouplan word benodig nie;
- Slegs die relevante aansoekvorm moet voltooi en onderteken word deur die eienaar of sy/haar agent en 'n minimum fooi van R315.00 moet betaal word of R16.00 p/m² - watter een ookal die grootste is;
- Indien die struktuur enige boulyne of kantboulyne oorskry, moet die eienaar by die aangrensende geaffekteerde eienaar skriftelike toestemming verleen;
- Indien die struktuur 'n straat of agterboulyn of straatboulyn oorskry moet hy/sy 'n afwykingsaansoek indien by die stadsbeplanners Keenin Abrahams of Hannes Vermeulen; en
- Hierdie aansoek word op dieselfde dag goedgekeur met sekere relevante voorwaardes.

Vir meer inligting rakende *wendy* strukture groter as 18m² (indien die afmetings meer as 6X3m is) skakel 022 913 6000 of 022 783 1112.

## LANDBOU-ONTWIKKELINGSPROJEK GEE REUSE HUPSTOOT VIR BERGRIVIER

**VAN** Piketberg in die Wes-Kaap tot Potchefstroom in Noordwes. Mense regoor die land kan nou baat vind by Suid-Afrika se eerste geïntegreerde, internet gebaseerde landbou-akademie wat in Maart 2019 op Houdconstant in Porterville bekend gestel is.

Die Bergrivier-landbou-ontwikkelingsprojek gaan nie net 'n direkte kapitale belegging van honderde miljoene rande in die Wes-Kaapse platteland teweegbring nie, maar ook deur die nuutgestigde Virtuele Agri-akademie honderde mense met landbouverwante vaardighede toerus.

Die projek is die resultaat van drie jaar se agter-die-skerms werk ná *Creating Hope Africa* en die Bergrivier Munisipaliteit 'n samewerkingsooreenkoms gesluit het om sosio-ekonomiese ontwikkeling in die munisipale gebied te bevorder. Vir meer inligting oor die Virtuele Agri-akademie besoek www.virtualagri.academy





## JEUGONTWIKKELING IN BELGIË



**OP** 26 Maart 2019 het 'n groep van 10 leerders uit die vier hoërskole in die Bergrivier Munisipale Gebied na België gereis om hul horisonne te verbreed, jeugontwikkeling te ondergaan en saam met die jeug van Heist-op-den-Berg te werk aan die Volhoubare Ontwikkelings Doelwitte van die Verenigde Nasies.

Die internasionale ooreenkoms tussen Bergrivier Munisipaliteit en Heist -op-den-Berg Munisipaliteit is in 2014 gestig en is gebaseer op drie pilare naamlik: afvalbestuur, jeugontwikkeling en publiekedeelname.

Volgens die jeugontwikkelingsprogram het Bergrivier Munisipaliteit 10 leerders uit die munisipale gebied identifiseer in 2018 om na België te reis vir jeugontwikkeling en blootstelling aan ander kulture.




Die proses was oop vir alle leerders tussen Graad 11 en Graad 12. Die leerders verteenwoordig die volgende hoërskole: Hoërskool Porterville, Steynville Sekondêr, Piketberg Hoërskool en Hoërskool Velddrif.

Enkele temas is vir die program geïdentifiseer waarvan die belangrikste temas die "Sustainable Development Goals" is, om mekaar se lewensomstandighede te leer ken. Een van die temas is ook om uit te vind hoe die jeug betrokke kan raak by sake van die samelewing waar hulle 'n verskil kan maak.

Die jeugontwikkelingsprogram is 'n platform waar idees bespreek en ervarings gedeel word om die uitdagings wat ons in ons omgewing ervaar, aan te spreek deur die beste oplossings saam te vind.